Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba: Oudl. Jan Fanoy 0836419742
Epos– jfanoy@wsmleshika.co.za
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis (aflos)- Br. Jaco Viljoen (0765546527)

21 Desember 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Doop bedien– Erediensopname Radio Pretoria
Skriflesing: Lukas 2:1-20
Teks: Lukas 2:12
Sing: Ps. 118:12; Ps. 116:1,9; Ps. 128:4; Ps. 33:2; Ps. 145:1,4,12

DIE EINTLIKE TEKEN IS DIE KRIP

Die doeke-teken staan algemeen, maar die krip-teken is glad nie algemeen nie.

- Hierin sien ons ‘n geweldige kontras.
- In die krip kom na vore iets so vernederend.
- In die krip moet ons onsself raaksien.

KATKISASIE– Katkisasie het reeds vir die jaar afgesluit

TWEEDE EREDIENS—
Skriflesing: Mattheus 18:15-35
Kategismus: Sondag 51
Sing: Ps 25:3,5; Ps 32:1; Ps 86:3

VERGEWE ONS ONS SKULDE

Vergewing is iets wat in die lewe baie nodig is. Dit moet afstand oorbrug. Die verband om brood te vra en vergewing van sondes moet na mekaar gebring word.

EREDIENS OP KERSDAG
(Donderdag – 9h00)
Skriflesing: Maleagi 4:5- 6;
Lukas 1:10-17; 2:8-12; Lukas 18:15-17
Teks: Lukas 1:17; Lukas 2:12
Sing: Ps. 118:5,6; Ps. 78:2,4;
Sb 15:1,2,3; (16-1: 1, 2,3).

DIE FEES VIR KINDERHARTE

Die harte van die vaders moet na die kinders omgekeer word om by die Kind uit te kom.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by ‘n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 16 en 17(sluit in susters skinkbeurt)
Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze
Diensbeurt (25/12) (Wyke 18 en 19)
Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy
Diakens: Willie du Plooy (jr.)
Diensbeurt (28/12) (Wyke 20 en 21)
Ouderlinge: Willem du Plooy (sr.)
Diakens: Nico Venter

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Martin Tredoux het dubbele-dubbele hart-omleiding-operasie moes ontvang. Hy is tans nog in Unitas-hospitaal. Ons is dankbaar vir die goeie verloop van die groot operasie en bid hom volkome herstel toe en ook die Here se seën vir sr Elsa wat die pad saam met hom moet stap.
Br Dawie de Bruin het vanaf 'n leer geval en moes in skouer geopereer word. Ons bid hom volkome herstel toe in die weke wat voorlê.
Br Dries de Ridder word aan die genadetroon van die Here opgedra. Sy liggaamskragte is nie baie nie. Ons dink ook aan **br Willie Buys** wie se gesondheid hom swaar dae laat beleef. So bly ook **ds. Andries Mulder** in ons gebede. Medegelowiges wat lank reeds met hulle gesondheid worstel word nie vergeet nie.
Susters Cora Kruger, Anna Eloff en Rina Aucamp.

GEHOORHULP

Dit is moontlik om in en rondom die kerkgebou deur middel van u radio of radio op u selfoon op die eredienste in te skakel. Dit kan met groot vrug gebruik word sou u gehoor ook nie meer is wat dit moet wees nie. **Die frekwensie waarop u u toerusting moet stel is FM 101.8.**

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Instand-houding Instand-houding
28/12/2014 **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger Kinderhuis DVB	Instand-houding Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
Vandag	Radio Pretoria Erediensopname
25/12	Kersdag (Erediens 9h00)
14/01/15	Skole heropen
20/01	Finans– Adviesvergd
22/01	Kerkraadsvergd

KOEKIES

Die koekies wat ons elke jaar ook met groot sorg en liefde vir ons ouer lidmate bak is gereed. Groot dank aan almal wat daarmee gehelp, bygedra en afgerond het. Ons glo dit word opreg waardeer. Alle lidmate 70 jaar en ouer kan dan hulle pakkie koekies tussen die twee eredienste in die **kombuis** kom afhaal.

RADIO PRETORIA
Erediens opgeneem

Vanoggend word die erediens deur Radio Pretoria opgeneem vir uitsending op 28 Desember.

KOSTER MET VERLOF

Br Flip Minnaar is tans met verlof weg. As daar enige dringende koster-sake is, kan u met sr Amanda Tromp (in kantoor) skakel wat in sy plek aflos.

JAARKALENDERS IS GEREED

Ons kalenders met ons jaarbeplanning vir 2015 is gereed. Ons vra dat u sovêr moontlik u kalenders in konsistorie kom afhaal. Skryf asseblief net u naam op as u een neem. U moet ook daarop let dat ons die wyke se nommers numeries herstel het. Maak asb.by u ouderling seker as u sou twyfel of u wyk nommer wel verander het.

SUSTERSAAMTREK 2015

Alle susters is reeds uitgenooi na volgende jaar se sustersaamtrek by die Gereformeerde kerk Meyerspark. Dit vind plaas DV Saterdag 7 Maart 2015. Die tema is *Julle is Sout en Lig.* Spreker is Stephan Joubert. Koste is R125. Almal wat graag wil gaan kan solank hulle name by sr Christine opgee.

SPREUKE

Vervolg van verlede week

SPREUKE 4:8

4:8. Hou dit hoog – Gee prioriteit aan die wysheid, en wysheid sal *jou v*erhoog.

Dit sal jou eer – Wysheid bring vir jou agting, eer, die vertroue van andere, vir sommiges verhoging in status van vertroue (dalk `n hoër posisie). Dit is maar `n paar van die dinge wat dit meebring.

4:9-10. Kroon – Met hierdie verse eindig die **lering** van **die vader**, waarvan vs 1 en 2 praat. Sommiges vertaal "sierlike kroon" eerder as "kroon van heerlikeid" ("glory"). As Nuwe Testamentiese gelowiges kan ons die lyn deurtrek na die volgende tekste: Hebr 2:9 – Jesus se kroon van eer en heerlikheid, wat ook vir ons weggelê is as `n kroon van geregtigheid (2 Tim 4:8). In Openb 3:21 word hierdie verhoging belowe aan die wat oorwin, dat hulle saam met Christus op Sy troon sal sit.

Lewensjare – Weer word volle en geseënde lewens beloof aan die wat volhard.

4:11-12. Loop . . . hardloop – Nadat weer gepraat is oor die pad van wysheid, kom hierdie woorde in v 12 wat sê dat in rustigheid en onrus jy op hierdie pad nie sal struikel nie. Wysheid sal jou bewaar teen foute maak.

4:13. Tug – Veral die jongeling moet hou by die dissipline wat hy geleer het. God se tugtiging word ook bedoel, waarvan gepraat is in **3:11-12**.

4:14-15. Kom nie op die pad – Die pad van die goddeloses waarteen van hfst 1 af gereeld gewaarsku is, word weer afgewys. Die waarskuwing word drievoudig opgesom: "Kom nie op"; "betree . . . nie"; "Vermy dit". Ps 1:1 pas steeds hierby, dat die wat dit vermy, *welgeluksalig* is.

4:16-17. Kan nie slaap nie – Die redes om nie die slegtes te volg nie, word weer gegee. Daar word gewys op hoe onvermoeid en toegewyd hulle kwaad doen en ander verlei. Dit vul hulle lewens totaal.

Brood . . . wyn – Die kwaaddoeners verlustig hulle in die vrug van hulle paaie. Dit is vir hulle soos die kos waarsonder `n mens nie kan klaarkom nie en die slegte verbly hulle soos wyn.

4:18-19. Môreglans – Om sy woorde dieper te laat insink, vergelyk die Spreukedigter die goeie en slegte paaie: dit is lig teenoor duisternis. Christus het beveel dat ons die goeie soos `n lamp moet laat skyn (Mat 5:15), en Hy wys die goddeloses gereeld uit as mense wat in die donker wandel. Wie in die goeie geoefen is, se lig skyn net meer en meer, totdat die volle dag van die Koninkryk van die hemele aanbreek. Dan sal die Here God ons ewig verlig (Openb 22:5).

Dawid hieroor: In 2 Sam 23:3-4 hoor ons hom sê dat `n heerser in die vrees van God "is soos `n môrelig by sonsopgang, `n môre sonder wolke *as* deur die glans ná die reën grasspruitjies uit die aarde *uitkom.*"

Duisternis – Omdat die boses in die duisternis wandel, sal hulle ook nie sien waaroor hulle gaan struikel nie. Mense wat so gewoond raak om in sonde te lewe, vergeet die gebooie van die HERE (as hulle tevore daarin onderrig sou gewees het).

4:22. Hulle is die lewe – Ewige lewe en ewige dood is beslis hier ter sprake, nie net dat in hierdie lewe al wrange vrugte gepluk kan word van slegte dade nie. Soek dus die lewe en *genesing* van die wysheid: selfs waar al fouteer is, help die wysheid om reg te stel. Die ware herstel wat in Christus gevind word is in die vergiffenis van ons sondes en versoening met God.

4:23. Jou hart – Met die hart as die uitgange/ oorspronge van die lewe word die mens in sy hele wese bedoel. Met ons hele hart, siel en al ons krag moet ons God liefhê (Deut 6:5). Dit sal beteken dat jy Hom vrees en Sy Gebooie nalewe – dit is die beginsel van die wysheid.

4:24-25. Mond . . . lippe – Voordat die kwaad nog in dade omskep word, word dit baie-maal al uitgespreek. Jakobus 3:1-12 is by uitnemendheid die gedeelte wat hierdie saak aanspreek, en Jakobus noem in 3:6 die tong `n "wêreld van ongeregtigheid" en hy sê dat dit `n vuur kan wees wat die lewensloop aan die brand kan steek "en word uit die hel aangesteek." Bid om bewaring hierteen ! In Spr 6:12 word die deugniet se valse mond genoem en in 19:1 die "verkeerde lippe" wat van mens `n dwaas maak. Aan die kwaad van die tong mag ons nie deel hê nie, en volgens die Negende Gebod moet ons die uitgesproke kwaad teengaan. Die Kategismus verduidelik hierdie Gebod in Sondag 43, en leer uit die Woord dat ons nie woorde mag verdraai nie, kwaadstokers of lasteraars mag wees nie en nie onverhoord of ligtelik mag veroordeel nie: alle vorme van lieg en bedrieg moet vermy word as eie werke van Satan – anders bring ons die sware toorn van God oor ons.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

9 Des 1838– Die Gelofte word die eerste keer afgelê wat sou word die Bloedrivier gelofte; *9 Des 1881*– Pres TF Burgers oorlede; *16 Des 1838*– Slag van Bloedrivier; *16 Des 1852*– Genl. AH Potgieter oorlede; *16 Des 1880*– Begin van Eerste Vryheidsoorlog; *19 Des 1792*– Genl. AH Potgieter gebore; *20 Des 1914*– Kap Jopie Fourie gefusilleer; *21 Des 1838*– Gebeente van Piet Retief gevind; *22 Des 1838*– Potchefstroom word deur kmdt. Andries Hendrik Potgieter aangelê; *22 Des 1856*– Cornelia de Wet (egg van genl. CR de Wet) gebore; *24 Des 1651* – Drie skepe Drommedaris, Reijger en Goede Hoop vertrek uit Nederland waaronder ook Jan van Riebeeck aan boord was om verversingspos aan Kaap te stig; *25 Des 1497*– Vasco de Gama ontdek Natal; *26 Des 1838*– Die besittings van Piet Retief en ander vermoordes van 6 Feb. 1838 word opgeveil en opbrengs word gelykop tussen genl. Andries Pretorius en ander burgers in die Trek verdeel; *27 Des 1858*– Voorlopige byeenkoms in Potchefstroom waar Dirk Postma sy hulp aan die Transvaalse Kerk aanbied; *28 Des 1880*– Louis Leipoldt gebore; *28 Des 1890*– Dirk Postma oorlede; *31 Des 1687*– Aantal Hugenote seil uit Delft na die Kaap

BEROEPENUUS EN KERKE NUUS— (verlede Sondag is hierdie uitgelaat– geen nuwe nuus ontvang)
Beroepe ontvang-
Proponent J-L (Jan Louis) Coetzer na Tsumeb en na Postmasburg
Proponet JG (Jacques) Tredoux na Dendron/Magalakwin kombinasie
Ds. HC (Charl) van Rooy van Randburg na Bloemfontein-Suid
Beroepe aanvaar-
Proponent AJ Dednam (Anton) na Andeon/Bergsig as medeleraar

Wat maak ons gereformeerd? (Dr. Chris Saayman- 2007)

Wat maak ons gereformeerd? Nie die blote feit dat ons Christene is nie. Die groot meerderheid Christene is nie gereformeerd nie. Ons betwyfel nie hulle Christenskap omdat hulle nie gereformeerd is nie. Tog is dit vir onsself belangrik om gereformeerd te wees, omdat ons seker is dat die gereformeerde verstaan van die Bybel die suiwerste is en dat die outentieke Christelike geloof die beste tot sy Skriftuurlike reg kom in die gereformeerde belydenis. Wat is die besondere kenmerke van die gereformeerde verstaan van die Bybel? Kortliks die volgende: Die evangelie van vrye genade Gereformeerdes verstaan die boodskap van die Bybel as die evangelie van genade alleen. Alle Christene sê dit, maar almal verstaan dit nie eenders nie. Gereformeerdes verstaan dat ons uit vrye genade alleen, sonder enige verdienste van ons kant, slegs deur die kruis van Christus gered is toe ons nog Sy vyande was. God red nie bekeerdes, wedergeborenes of berouvolles nie. Ook nie diegene wat die regte keuse maak nie. Hy red sóndaars. Hierdie redding kan die mens net ontvang deur die belofte/toesegging van die evangelie (evangelie = dát God mense op die kruis gered het terwyl hulle sondaars was) te glo. Verlossing uit genade word dus op ‘n radikale manier verstaan. Alle Christene glo dat die mens deur Gods genade gered word, maar in verreweg die meeste gevalle word daar altyd weer ‘n element van menslike verdienste (gewoonlik word “geloof, bekering, keuse, oorgawe” hiertoe verhef) ingevoer wat meebring dat die redding nie as enkel uit genade verstaan word nie. Dikwels word die genade as ‘n soort krag of vermoë (habitus) verstaan wat God aan die mens gee om te kan doen wat Hy vra. Sodoende stel die krag van die genade die mens in staat om aan God se voorwaardes te voldoen ten einde gered te word.... *Word vervolg-*

22/12– Pina Schalekamp 0768454888	27/12– Riaan du Plessis 0824419190
26/12– Nico van den Berg 0839907904	27/12– Willie Jansen van Rensburg 0727306953
26/12– Nakkie van der Merwe 0741968483	28/12– Elsie Erasmus 0732084647
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag!

Die waarde van die koelte is in die warm son rondom hom – CJ Langenhoven